

### 13.5 RAPPORT 5: BESTUUR VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO AAN DIE LEDE VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO – KOMMUNIKASIE AAN KERKE IN KERKVERBAND (Art 210)

- A. Die Sinode konstitueer as ledevergadering.
- B. Br P Joubert lewer die Rapport.
- C. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
- D. **Besluit: Punt 1 – kennis geneem met goedkeuring van byvoeging van opdrag: “Dat die Bestuur van die Administratiewe Bestuur verantwoordelikheid aanvaar vir die bestuur en instandhouding van die webwerf. Dit sluit die webwerwe/webblad van elke deputaatgroep in. Dat die GKSA-webmeester wat aangewys word die personeel van die Administratiewe Buro oplei om die webwerf op ‘n deurlopende basis in stand te hou, asook die ontwikkeling van sosiale en inligtingsmedia.**

#### E. RAPPORT

##### 1. Spesifieke opdragte

- 1.1 *Acta 2012:54, 1.9: Die opdrag van Sinode 2009 oor die aanstelling van ‘n Webmeester is met die skrywe van die Aanvullende Rapport nog in onderhandeling*

Die Bestuur van die Administratiewe Buro oordeel dat kommunikasie aan kerke in die kerkverband van groot belang is vir uitleef van die roeping van alle kerke asook die roeping van ons kerkverband.

Die kerke in die kerkverband moet alle hulpmiddels hiervoor aanwend en uitbou. Die Administratiewe Buro het aan die volgende gewerk:
- 1.1.1 Die webwerf van GKSA is in stand gehou en voortdurend opgedateer. Ten einde koste te bespaar is dit eers deelyds behartig deur die Administratiewe Assistent van *Kruispad* en na haar bedanking deur bestaande personeel naamlik Wymie du Plessis en Joey Fourie. Gedurende 2014 is die webwerwe van GKSA en *Kruispad* gekombineer. Die GKSA webwerf se potensiaal is nog nie ten volle ontgin nie en die nuwe Bestuur van die Administratiewe Buro moet dit verder uitbou.
- 1.1.2 Daar is ‘n kommunikasie inligting stuk per e-pos na alle kerke gestuur (Afrikaans en Engels) na elke Bestuursvergadering. Hierin is gedeel oor sake wat hanteer is by die afgelopen Bestuursvergadering en kerke is telkens aangemoedig om met die Bestuur/Voorsitter kontak te maak sou daar so ‘n behoefte bestaan.
- 1.1.3 ‘n Inligtingshandleiding vir kerke wat poog om alle administratiewe behoeftes van die plaaslike kerk aan te spreek behoort einde 2014 aan kerke versprei te word. Dit sal beskikbaar wees in Afrikaans en Engels, in boekvorm, CD en op die GKSA webwerf.
- 1.1.4 Deurlopende kommunikasie is met Kerke en Klassisse gedoen oor spesifieke sake, meestal van ‘n finansiële aard soos byvoorbeeld uitstaande ramings.
- 1.1.5 Spesifieke kommunikasie is gestuur na alle kerke toe die ramings vir die nuwe jaar bekend gestel is. Dit is gedoen aan die hand van tipiese vrae deur kerkraadslede en lidmate, gevolg deur die antwoord op elke vraag. ‘n “Powerpoint”-aanbieding wat die sake hanteer, is ook na kerke gestuur wat kon help om die boodskap oor te dra aan gemeentelede.
- 1.1.6 Elke jaar is ‘n inligtingsvergadering aangebied wat handel oor die finansies onder beheer en bestuur van die Administratiewe Buro vir ‘n spesifieke jaar, soos omlin deur Sinodale Deputate. Hierheen is alle Deputaatgroepe en alle kerke uitgenooi. Die verwagte inkomstes is aangedui sowel as die uitdagings om alle die Deputaatgroepe se verwagte uitgawes by die verwagte inkomstes te bring.

- 1.1.7 Kerke is vroegtydig ingelig oor die emeritering van ds Leo van Schaik (teen die einde van 2014) asook oor sy veranderde rol as adviserende Uitvoerende Bestuurder in die laaste maande van sy werksaamhede by die Administratiewe Buro.
- 1.1.8 Gedurende 2014 is 'n kommunikasie handleiding vir kerke beskikbaar gestel. Dit poog om die basiese behoeftes wat die plaaslike kerk rondom kommunikasie het, aan te spreek en behels ook baie praktiese riglyne om byvoorbeeld, 'n webwerf vir die kerk te ontwikkel, basiese riglyne vir "Powerpoint"-aanbiedings, hoe om 'n kommunikasie strategie vir die plaaslike kerk te ontwikkel, ens. Hierdie handleiding is beskikbaar in Afrikaans en Engels sowel as op GKSA webwerf.

**Besluit: Punt 1 – kennis geneem met goedkeuring van byvoeging van opdrag: “Dat die Bestuur van die Administratiewe Bestuur verantwoordelikheid aanvaar vir die bestuur en instandhouding van die webwerf. Dit sluit die webwerwe/webblad van elke deputaatgroep in. Dat die GKSA-webmeester wat aangewys word die personeel van die Administratiewe Buro oplei om die webwerf op 'n deurlopende basis in stand te hou, asook die ontwikkeling van sosiale en inligtingsmedia.**